

PAS MET HERTZOGPRYS**Beelding in 'Sewe Dae'
in Afrikaans**

DIE toekenning van die Hertzogprys aan Etienne Leroux se „Sewe dae by die Silbersteins” vestig opnuut die aandag skerp op een van die belangrikste prosawerke in ons taal.

Dit vertel die verhaal van 'n jong man, Henry van Eeden, wat in opdrag van sy ouers en vergesel van sy oom J. J. van Eeden 'n week by die Silbersteins deurbring, 'n ryk Joodse gesin wat woon op die fantasties gemoderniseerde Ou-Kaapse landgoed, Welgevonden. Die doel van die besoek is om kennis te maak met Salome, die jong meisie met wie hy bestem is om in die huwelik te tree.

Saam met Henry word ons deur die fascinerende wêreld

van die Silberstein-manor gevoer. 'n Mens merk die volmaakte meganisasie en ontmoet die vreemdste figure—ons word getuies van bizarre voorvalle en luister na leë, skyndiep en soms onthullende gesprekke. Aand vir aand is daar 'n fantastiese fees waarin telkens 'n nuwe groep na vore kom; rykes, boere, kunstenaars, geestelikes.

Op hierdie wyse word telkens 'n ander faset van die maatskappy teen die lig gehou, met die gevolg dat die Silberstein-landgoed gaandeweg 'n mikrokosmos word, 'n felgetekende klein wêreldjie waarin die onskuldige Henry (die paradyskind, Van Eeden) sy weg na geluk moet vind, die geluk soos

gesimboliseer in die figuur van Salome.

Die aankoms in die landgoed is as't ware 'n geboortepunt. Vandaar die moedersimbool op die voordeur. Henry is ongeskonde en daarom voel hy hom hier vreemd, 'n wanaangepaste, sodat sy besoek van sewe dae ('n hele skeppingsperiode) eintlik 'n pynlike inslasieproses word. So gesien, bring Leroux se boek 'n allegoriese uitbeelding van die mens in sy gang deur hierdie wêreld, 'n hoogs gekompliseerde wêreld, 'n geordende wêreld, wat as gevolg van die dwaashede van die mensdom telkens dreig om in chaos te versink. In hierdie bese wêreld volg die jong idealis sy droom. Dalk vind hy Salome nooit, maar hy wag op haar

BOEKERUBRIEK

Onder redaksie van Prof. A.P. GROVÉ

tot aan die einde — in die ge-
loof.

Hierdie sketsmatige opsom-
ming van die verhaal moet al
iets laat deurskemer van die
skrywer se sterk verbeelding,
sy verbluffende vindingrykheid.
SEWE DAE BY DIE SILBER-
STEINS wil natuurlik geen re-
alistiese werk wees nie: die ver-
haal is 'n skepping van die ver-
beelding. Maar nou het Leroux
daarin geslaag om aan hierdie
fantasie-wêreld in 'n tasbare
soliditeit te gee. Ons sien die
mense, ons belêf die gesprekke.
Die skrywer tower visioene op,
maar hulle word konkreet,
reël, nagmerrie-agtig helder
soms. Neem byvoorbeeld die
grootse siening van die swer-
geteelde rooi-swart bul op die
boerefees, of neem die swemto-
neel, of die toneel by die pars-
kuip, of die siening van die uit-
gebrande geboue die dag ná die
opstand:

„Hulle loop by die fabriek
verby, wat ewe solied die rook
oor die heuwel trotseer, wat
die rook gebruik om nog gro-
ter te word, wat soos 'n kasteel
van Kubla Khan uit die mis
verrys. Die staaltenk is 'n sil-
wer piering in die lug, drywend
... Die Katolieke kerk, die
skool en administratiewe geboue
is houtskooltekeninge van
raamwerke — gestaak op 'n
punt waar 'n mens nie meer
wording of aftakeling kan on-
derskei nie.” (p. 95).

Nie mooi

So groots alles, en tog so broos!
Dis nie „mooi” prosa hierdie nie.
Leroux wil nie mooi prosa skryf nie.
Dis effektiewe beelding, die soort beel-
ding wat ons nie elke dag in Afri-
kaans te lese kry nie.

Op al die onsin wat oor hierdie
roman geskryf is, sal 'n mens seker
poit kan antwoord nie. Hoe redeneer
byvoorbeeld met mense wat sê dat
die boek te veel is en dan in die
boek seën dat dit te veel is.

nog nie gelees het nie? Of wat ant-
woord jy as 'n „letterkundige” in
hierdie roman 'n nawerking van Lo-
bela vir die Lewe sien, terwyl Lobela
en Silbersteins gelyktydig verskyn het?
Miskien kan dit tog sy nut hê om op
een saak hier effens in te gaan: die
bewering, dat hierdie boek „walglike
gedeeltes” sou bevat, iemand wat praat
van „walglike gedeeltes”, toon daarmee
al klaar dat hy nie weet hoe
om te lees nie. Hy loop hom vas teen
die bome en vergeet dat hy in 'n bos
is.

So word die hele strekking van die
boek misgekyk. Sommige kritiseerders
erken selfs by implikasie dat hulle
net 'n klompie „gedeeltes” isoleer
vir noukeurige aandag. Ek wil be-
weer: as ons die intensie van die ge-
heel probeer agterhaal, sal ons insien
dat die boek nie die banaliteit of die
ydeldheid propageer nie, maar dat hy
hom juis daarteen verset. Dis waar, die
boek toon siektes in die maatskappy,
maar hy praat daardie siektesverskyn-
sels nie goed nie. Hy maak ons oë
oop daarvoor en wys op die gevare.

As ons goed lees — nie soos die
Kamerling wat lees sonder om te
verstaan nie — sal ons sien dat
ons hier 'n gesonde, behoudende
boek het, 'n boek wat skerp sati-
ries ingaan teen dié magte wat
dreig om die goeie orde van die
maatskappy te vernietig. So ge-
sien, is die boek 'n bondgenoot
van alle behoudende instansies in
hierdie land.

So 'n bewering vra bewyse. Neem
byvoorbeeld bladsy 44-45, waar ons
kennis maak met die kaperjolle van die
pseudo-kunstenaars met hul uitspat-
tigheid en waanwysheid. Maar wat doen
die skrywer met hulle?

Hy plaas hulle met hul diere-mas-
kers op in 'n swembad. Dan loop die
had leeg en hulle bly nakend agter on-
der felle beligting. So word daar afge-
reken met die dwaasheid, sonder om te
preek, bloot deur uit te beeld.

Of neem die hele hoofstuk 4., waar
ons te make het met die half-sagte
pseudo-godsdiensdigheid wat in senti-
mentele verbodering alle skeidslyne
uitwis en die kleurlose albino tot ideaal
verhef. En wie is die een wat uit
hierdie situasie voordeel trek? Die
aartskommunis, Julius Jool wat sien
hoe sy universele orde besig is om
hier in vervulling te gaan: „Hy het
alreeds sy werk gedoen en wag ge-
duldig op die produk van sy arbeid.”
(p. 89)

En hoe genadeloos word hierdie ver-
broedering in al sy valsheid nie op
bladsy 82 gehekkel nie:

„En almal is so vriendelik dat hulle
kan bars. Mense met tande; vals en
natuurlik; wittes met robyne; wittes
en geles; wittes en twee donker gate
waar die voorstes met opset makeer.
Vriendskap owerl wat gryns ten do-
de...” Dis 'n leë gelag, 'n blote ge-
wys van tande sonder enige werklike
hartlikheid.

Antwoord

Met hierdie boek gee ons letterkunde
ondermeer 'n duidelike en artistiek be-
vredigende antwoord aan die kommu-
nisme. En dit nie alleen nie: die boek
is 'n sanerende aanklag teen alle uit-
spatigheid en perversiteit, alle magte
wat die goeie orde bedreig, blywende
waardes omverwerp en die menslike
geluk vernietig. En nou lê die wonder
daarin dat die skrywer dit alles bereik
nie met sedeprekieë nie maar met on-
verbiddelike uitbeelding.

Daarom wil hierdie rubriek die skry-
wer en die Akademie gelukwens met
hierdie bekroning. Dis een van die
beste, indien nie die heel beste bekro-
ning nie, wat ooit op die gebied van
letterkunde uitgegee is. A.P. Grové